

ROOKBELEID VIR WERKNEMERS EN BESOEKERS BY GOUDVELD-HOËRSKOOL

1. INLEIDING

Na aanleiding van die grondliggende waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, en die toepaslike bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 83 van 1993, soos gewysig deur die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 23 van 2007, asook die toepaslike bepalings van Artikel 21 van die SA Skolewet (1998) word vereis dat 'n beleid ten opsigte van rook en die gebruik van tabakprodukte in enige openbare gebied, waarvan hierdie skool een is, verklaar moet word. Derhalwe verklaar die Beheerliggaam van Goudveld-Hoërskool sodanige beleid.

2. MOTIVERING VIR DIE BELEID

Die motivering met die beleid is om 'n aangename en gesonde omgewing vir sowel rokers as nie-rokers daar te stel. Die Beheerliggaam erken voorts dat rook en die gebruik van tabakprodukte nadelig is vir die gesondheid van sowel aktiewe- as passiewe rokers. Navorsing het getoon dat rook irriterende gevolge het vir baie nie-rokers en kan tot verskillende tabakverwante siektes en selfs die dood lei.

3. DOELWIT VAN DIE BELEID

Die doel met hierdie beleid is om 'n aangename en gesonde omgewing te vestig, met inagneming van die behoeftes, regte en gesondheid van beide rokers en die nie-rokers.

4. BREË BELEIDSVERKLARING

4.1 Soos deur wetgewing vereis word die hele skoolterrein tot rookvrye gebied verklaar. Dit sluit in enige gang, voorportaal, trappe, kafeteria, toilette of ander gemeenskaplike gebied wat die werknemers en/of leerders gereeld gebruik, met uitsondering van die aangewese rookgebied.

4.2 Personeel mag slegs in aangewese rookgebiede rook, en slegs indien dit glad nie met hulle werksprestasie of met die leerders se opvoeding inmeng nie.

4.3 Werknemers en besoekers mag slegs in die aangeweserookgebied rook, slegs indien dit nie met hulle werks prestasie of met die leerders se opvoeding inmeng nie.

4.4 Geen leerder mag op die skoolterrein of in skooldrag weg van die skoolterrein rook nie.

4.5 Rook is verbode in enige voertuig wat aan die skool behoort of waarin personeel en/of leerders vervoer word.

5. GEBIEDE WAAR WEL GEROOK MAG WORD

5.1 Voorsiening vir 'n spesiale rookgebied vir personeel, werknemers en besoekers sal op die terrein aangebring word.

5.2 Hierdie rookgebied is geproklameer as die area binne omheining van die skool se lapa.

5.3 Die aangewese rookgebiede moet aan die standaarde in die Regulasies (GNR. 975 van 29 September 2000) van die Tabakwet voldoen.

5.4 Die aangewese rookgebied moet by die ingange daarvan met duidelike rookbordjies aangedui wees.

5.5 Geen leerder, of enige ander persoon jonger as 18 jaar, mag die rookgebied betree nie.

6. TOEPASSING

6.1 As die verteenwoordiger van die werkgewer (Departement van Onderwys) is dit die skoolhoof se plig, in samewerking met die skoolbestuurspan, om toe te sien dat regulasies rakende rook en die rook in rookgebiede toegepas word.

6.2 Die skoolhoof moet voorts toesien dat:

6.2.1 personeel sonder vrees vir vergelding kan beswaar aanteken teen rook in die werkplek wat in stryd is met hierdie beleid of die Tabakwet;

6.2.2 daar gehoor gegee word aan die personeel wat nie in die werkplek aan tabakrook blootgestel wil word nie;

6.2.3 geen personeellid, hetsy as 'n uitdruklike of geïmpliseerde diensvoorwaarde, verplig word om in 'n gedeelte van 'n werkplek te werk waar rook toegelaat word nie; en

6.2.4 geen personeellid verplig word om 'n vrywaring te onderteken teen werk in 'n gedeelte van die werkplek waar rook toegelaat word nie.

6.3 Personeel wat weier om die beleidsbepalings, soos beskryf in die beleid, na te kom of toe te pas, sal waar van toepassing onderdanig wees aan die strawwe soos deur wetgewing bepaal.

6.4 Werknemers en leerders wat versuim om hierdie beleid na te kom sal tot dissiplinêre stappe teen die oortreder aanleiding gee.

6.5 Alle personeellede, werknemers en leerders moet saamwerk om die beleid toe te pas

7. KOMMUNIKASIE

7.1 Afskrifte van hierdie beleidsdokument moet aan alle personeellede en werknemers van die skool voorsien word.

7.2 Afskrifte van hierdie beleidsdokument moet op alle kennisgewingborde van die skool aangebring word.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof